aartappelplant se groeytydperk uitoefen. Hierdie faktore word dus in aanmerking geneem wanneer die prestasie van kultivars geëvalueer word. Toepaslike daaglikse en langtermyn weerdata word vanaf 'n gekose LNR-weerstasie, wat so naby as moontlik aan die proefperseel geleë is, verkry. Die reënvaltendens vir die 2019/2020-seisoen (Figuur 2) toon 'n aansienlike hoër reënval as die algemene langtermyn gemiddelde.

In die aanvanklike weke na plant (Oktober) het reënval ontbreek, maar is aangevul deur goeie gemiddelde reën vir November. In die daaropvolgende maande (Desember en Januarie) is ver bogemiddelde reënval aangeteken, maar die buie was oor die algemeen redelik goed versprei. Gedurende die laaste gedeelte van die seisoen is daar weereens bogemiddelde reënval vir April (rondom loofafsterwe) aangeteken.

Minimum en maksimum temperature word in Figuur 3 uiteengesit. Die betrokke seisoen is gekenmerk deur 'n lang tydperk van onder-langtermyn gemiddelde temperature tussen Desember en Maart, met groot fluktuasies in maksimum temperature. Die eerste dae met minimum temperature onder vriespunt, het reeds in Meimaand ná loofafsterwe voorgekom.

Versameling van hitte-eenhede gedurende 'n groeytydperk is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n plant. Die tendens van hitte-eenhede beskikbaar vir hierdie seisoen se kultivarproef by Warden, blyk ietwat laer as die






Die goeie opbrengs uit die proef is waarskynlik as gevolg van baie en goed-verspreide reënval asook matige temperature sedert Desember.

tendens ten opsigte van die langtermyn data van hitte-eenhede te wees (Figuur 4), met die uitsondering van November en Februarie wat onder warmer maksimum temperature gebuk gegaan het.

**Figuur 4: Hitte-eenhede van die 2019/2020-seisoen, asook langtermyn gemiddelde hitte-eenhede.**




\*Aantal hitte-eenhede word spesifiek bepaal vir aartappels as gewas (drumpeltemperatuur = 5°C). Bereken vanaf uurlikse data.

**Bogemiddelde opbrengs in 2019/2020**

Die gemiddelde opbrengs van die proef vir die 2019/2020-seisoen is 48.29 t/ha, wat 'n ver bogemiddelde opbrengs in vergelyking met die laaste paar seisoene is. Die goeie opbrengs is waarskynlik danksy die baie en goed-verspreide reënval en matige temperatuur sedert Desember. Die meeste van die kultivars het statisties geen verskil in opbrengs getoon nie; dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die algemene puik

**Figuur 5: Algehele opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as persentasie van die proefgemiddeld.**



\*Waardes gevolg deur dieselfde letter verskil nie beduidend van mekaar nie.

Tabel 4: Hoofredes vir afgradering.

Kultivar	Hoofredes vir afgradering					
	Knopwortel-aalwurm	Swartspikkel (Antraknose)	Mot/ander insek	Stingelend-verrotting	Bruinskurf	Misvorming
7 Four 7	x					
Allison	x	x			x	
Alverstone Russet	x					
Belmonda	x					
Elmundo						x
Kingsman	x					
Lanorma	x					
Manhattan				x		
Mondeo				x		x
Mondial	x		x	x		
Morgana	x				x	
Panamera	x	x		x		
Rock				x		
Sababa	x					
Sifra	x					
Sound			x			
Taisiya	x					x
Tyson	x					

Tabel 5: Prosesseringseienskappe van kultivars (uitgevoer deur LNR-Roodeplaat).

Kultivar	SG <sup>1</sup>	DM <sup>2</sup>	Skyfiekleur <sup>3</sup>
7 Four 7	1.060	15.97	45
Allison	1.069	17.85	45
Alverstone Russet	1.077	19.65	57
Belmonda	1.082	20.69	50
Elmundo	1.077	19.58	47
Kingsman	1.079	19.90	59
Lanorma	1.077	19.47	56
Manhattan	1.069	17.98	56
Mondeo	1.076	19.46	49
Mondial	1.068	17.64	46
Morgana	1.066	17.22	54
Panamera	1.080	20.24	50
Rock	1.087	21.67	55
Sababa	1.071	18.22	52
Sifra	1.081	20.42	53
Sound	1.101	24.59	54
Taisiya	1.069	17.86	52
Tyson	1.080	20.24	51

<sup>1</sup>Soortlike gewig van > 1.075 is aanvaarbaar vir die prosesseringsbedryf.

<sup>2</sup>Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde:  $DM\% = 24.182 + 211.04 * (SG - 1.0988)$ . Die werklike persentasiewaarde sal uit hierdie berekeningswaarde effens tussen variëteite verskil.

<sup>3</sup>Skyfiekleur met waarde > 50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.

opbrengs verkry deur bykans al die kultivars in die proef.


Die kultivars wat onderpresteer het, het oor die algemeen vanaf opkoms 'n standprobleem getoon. Lanorma, Taisiya en Rock het by uitstek die beste bemarkingsindeks behaal as gevolg van 'n groter opbrengs van groot knolle en/of 'n groot hoeveelheid Klas 1-aartappels. Groottegroepverspreiding en gradering is onontbeerlike evaluasies wanneer daar gekyk word na 'n kultivar se bemarkbaarheid (Figure 6 en 7).

Opbrengsdata versamel tydens oesdag, word onderwerp aan statistiese verwerking met behulp van die GenStat®-program. Die Tukey-toets van kleinste betekenisvolle verskille (KBV) is gebruik om die gemiddelde te skei. Die kultivareffek gedurende hierdie betrokke proef (Figure 5) was statisties beduidend ( $p < 0.05$ ) en die koëffisiënt van variasie was binne perke (19.8%).


Hierdie faktore dui daarop dat die proef goed uitgevoer is en die resultate derhalwe betroubaar is.




**Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke kultivar.**



**Figuur 7: Gradering van elke kultivar.**



**Figuur 8: Prestasie van kultivars wat vir drie jaar in die proef getoets was (uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeld).**



Die opbrengs van elkeen van die kultivars word deur die proefgemiddeld gedeel (die proefgemiddeld van al die kultivars word as 100% geneem). Hierdeur word 'n opbrengsindeks geskep en elke kultivar se prestasie in terme van opbrengs, word as 'n persentasie van die proefgemiddeld gelees.

**Hoofredes vir afgradering**

Die hoofredes vir afgradering word in Tabel 4 aangedui. Die hoofredes vir afgradering deur die proef as geheel, was knopwortelaalwurm en stingelendverrotting. Die hoë aalwurmdruk kan moontlik toegeskryf word aan byna konstante versadiging van die grondprofiel, danksy mildelike reën. Dus het die aalwurmpopulasie waarskynlik in groot dele van die seisoen vir lang tye binne die aartappels se wortelzones beweeg en behoorlike besmetting van knolle veroorsaak.

Soos die aard van seisoene is, fluktueer die prestasie van kultivars tussen seisoene, bloot omdat klimaat van een seisoen na 'n volgende nooit eenders is nie. Daarom is dit belangrik om konsekwente prestasie van kultivars oor 'n aantal seisoene in ag te neem (Figuur 8). Laastens, wanneer daar gekyk word na die interne gehalte van aartappels, kan prosesserings-eienskappe ook geëvalueer word.

Om aan prosesseringsvereistes te voldoen, moet kultivars aan 'n skyfie-kleurnorm van > 50 en 'n soortlike gewig (SG) van ≥ 1.075 voldoen (Tabel 5). Die kultivars Belmonda, Kingsman, Lanorma, Panamera, Rock, Sifra, Sound en Tyson het aan beide die skyfiekleurnorm- en SG-vereistes voldoen. Ongeveer 'n driekwart van die kultivars het die gewenste skyfiekleur getoon. 🍅

Vir meer inligting, kontak Enrike Verster by epos enrike@potatoes.co.za of Herman Haak by herman@potatoes.co.za.

# Limpopo-kultivarproef onder besproeiing op Tom Burke in 2020

Deur Chantel du Raan, Aartappels SA, en Jako Nel, produsent

**A**ansienlike warm somers kom voor, terwyl die winters koud is met swartryp wat dikwels in Junie en Julie voorkom. Een van die redes waarom hierdie

streek so 'n groot bydrae tot die bedryf kan maak, is die feit dat die streek twee produksieseisoene het. Dit sluit in 'n vroeë aanplanting wat gedurende Januarie tot Maart geplant word en weer vanaf Mei

tot Augustus geoes word, asook die hoofaanplanting wat vanaf April tot September geplant word, en tussen September en April geoes word. Die proef is in 'n ewekansige blokontwerp uitgevoer in sandleemgrond met drie herhalings. Verdere tegniese inligting rakende die proefperseel en -uitleg is in *Tabel 1* opgesom.

**Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende proefperseel en -uitleg.**

Plaas	Ratho Boerdery
Boer	Jako Nel
Plantdatum	7 Junie 2020
Oesdatum	12 November 2020
Besproeiing/droëland	Besproeiing
Dubbel- of enkelrye	Dubbelrye
Loofafsterwe	Natuurlik
Tussenry-spasiëring	0.75 m
Inry-spasiëring	0.30 m
Proefperseel per eenheid	15 m <sup>2</sup>
Plantestand	44 444 plante/ha


## Grondontleding en groeitydperke

Verteenwoordigende grondmonsters is voor planting geneem en ontleed om die grondvoedingstatus van die proefperseel te bepaal. Die resultate van die ontleding word in *Tabel 2* aangedui. Dit is belangrik om daarop te let dat groeitydperke die oes-opbrengs van kultivars kan beïnvloed.

Groeitydperke word gedefinieer as die aantal dae van opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen. Die presiese tydsberekening van die vier groeifases hang af van die omgewing en die bestuurspraktyke, wat wissel tussen liggings asook kultivars. Dit is onder andere as gevolg van verskillende groeitydperke. Die kultivars, plantgereedheid van moere, stand (%) en halmtelling van hierdie proef word in *Tabel 3* aangedui.

Temperatuur, dagliglengte en water is die belangrikste abiotiese faktore wat die groeipatroon, opbrengs en gehalte van aartappels beïnvloed. Om te bepaal wat die aanpassingsvermoë van nuwe kultivars in die Tom Burke-omgewing is, is dit belangrik om hierdie faktore in ag te neem wanneer die

**Figuur 1: Die ligging van Tom Burke in die Limpopo-produksiegebied.**


















**Tabel 2: Grondontledingsresultate vir die Tom Burke-kultivarproef (2020) voor plant asook die bemestingsprogram.**

Grondontleding											
Bruto-digtheid (kg/m <sup>3</sup> )	pH (H <sub>2</sub> O)	P-Mehlich	Ammonium-asetaat (mg/kg)					% van Kation-uitruilvermoë (KUK)			
			P	K	Ca	Mg	Na	S	K	Ca	Mg
1.49	8.21	62	152	616	218	27	2	7.24	57	33	2.18
Klei (%)			Silt (%)				Sand (%)				
6			16				78				
Bemestingsprogram											
Voedingswaarde											
	N (kg/ha)	P (kg/ha)	K (kg/ha)		Ca (kg/ha)		Mg (kg/ha)		S (kg/ha)		
<b>Totaal</b>	<b>271.9</b>	<b>72.8</b>	<b>283.0</b>		<b>1 004.1</b>		<b>72.0</b>		<b>336.4</b>		

**Tabel 3: Karaktereienskappe rakende groeitydperk, plantgereedheid, stand (%) en halmtellings vir elke kultivar.**

Agente	Kultivar	Groeitydperk (dae) <sup>1</sup>		Plantgereedheid <sup>2</sup>	Opkoms (week)	Stand (%)	Halms per plant	Halms per ha
	Allison	Medium tot lank	(120)	1	Week 3/4	100	1.9	84 444
	El Mundo	Kort tot medium	(90-100)	1	Week 2	100	5	22 2220
	Kingsman	Medium	(100-110)	1	Week 4	94	1.2	50 133
	Labadia	Kort tot medium	(100)	2	Week 3/4	97	2.1	90 532
	Lanorma	Kort	(80-90)	1	Week 2/3	97	2.8	120 710
	Markies	Medium tot lank	(120)	1	Week 3	100	1.9	84 444
	Mondeo	Medium	(90-110)	2	Week 3	100	2.7	119 999
	Mondial	Kort tot medium	(95-100)	1	Week 3	100	2.2	97 777
	Panamera	Kort tot medium	(95-100)	1	Week 3	97	2	86 221
	Rock	Medium tot lank	(110-120)	2	Week 1	97	2.7	116 399
	Sababa	Medium tot lank	(110-115)	1	Week 1	97	3	129 332
	Sifra	Kort tot medium	(90-100)	1	Week 3	100	2.5	111 110
	Sound	Medium	(100)	1	Week 1	100	2.5	111 110
	7 Four 7	Kort	(80)	1	Week 4	97	1.1	47 422
	Taisiya	Kort tot medium	(90)	1	Week 4	91	1.2	48 533
	Tyson	Kort tot medium	(90-100)	2	Week 2/3	97	2.3	99 155

<sup>1</sup> Algemene riglyne en kategorieë (dae van opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen):

Kort: 70 tot 90 dae, kort tot medium: 80 tot 100 dae, medium: 90 tot 110 dae, medium tot lank: 90 tot 120, lank: 90 tot 140 dae.

<sup>2</sup> Plantgereedheid van moere: 1 – vars, 2 – effens vars, 3 – plantgereed, 4 – effens oud, 5 – oud.

prestasie van verskillende kultivars geëvalueer word. Dit is ook belangrik dat die kultivars vir 'n aantal seisoene geëvalueer word, omdat klimaat van seisoen tot seisoen verskil.

Daaglikse weerdata is vanaf die Hanover-stasie op die proefperseel verkry, terwyl die langtermynweerdata vanaf die Landbounavorsingsraad (LNR) se Swartwaterstasie (-22.85186, 28.19898) verkry is. Geen

reënval was in die eerste drie maande ná daar geplant is, ondervind nie. Wat die laaste drie maande van die 2020-groeiseisoen betref, was daar 76.7 mm reënval, wat effens hoër is in vergelyking met

die langtermyn gemiddelde reënval (Figuur 2).

Die maksimum temperatuur (Figuur 3) vir die 2020-groeienseisoen het deurgaans laer vertoon in vergelyking met vorige jare, terwyl die minimum temperatuur dieselfde patroon gevolg het, vergeleke met die langtermyn data. Vanaf Augustus tot Oktober van die groeienseisoen het die maksimum temperatuur aansienlik gewissel en was vir 25 dae tussen 35 en 43°C, en vir 61 dae bo 30°C.

Die optimale gemiddelde lugtemperatuur vir knolvulling wissel tussen 14 en 22°C. Wanneer die temperatuur bo 29°C styg, sal min of selfs geen knolgroei voorkom nie weens koolhidrate wat vir respirasie gebruik word. Hierdie jaar is geen rypskade gedurende die groeienseisoen ondervind nie.

**Hitte-eenhede bepaal ontwikkeling**


Hitte-eenhede is ook 'n belangrike faktor om in ag te neem, aangesien die ontwikkeling van die plant hoofsaaklik op die versameling van hitte-eenhede gebaseer is. Daar word dus aanvaar dat die plant 'n sekere aantal hitte-eenhede moet versamel om 'n ontwikkelingsfase te voltooi.

Die hitte-eenhede van die 2020-groeienseisoen het byna dieselfde patroon as die langtermyn gemiddelde hitte-eenhede gevolg, en word in Figuur 4 aangedui. Aan die einde van die seisoen was die langtermyn data se kumulatiewe hitte-eenhede 20.2% hoër as die kumulatiewe hitte-eenhede van hierdie jaar se seisoen.


Die opbrengsdata is met behulp van die GenStat®-program statisties verwerk, en die gemiddelde is geskei deur van die Tukey KBV-toets gebruik te maak. Die kultivar-effek gedurende die 2020-proewe (Figuur 5) was statisties beduidend ( $p < 0.05$ ) ten opsigte van opbrengs, terwyl die koëffisiënt van variasie laag (10.9%) was.

Dit dui dus aan dat die proewe goed uitgevoer is en die resultate betroubaar is. Die gemiddelde opbrengs (55.5 t/ha) vir die 2020-seisoen was effens laer


**Figuur 2: Reënval gedurende die groeienseisoen (2020) asook die langtermyn gemiddelde reënval.**



**Figuur 3: Minimum en maksimum temperatuur (°C) gedurende die groeienseisoen (2020) asook oor die langtermyn.**




**Figuur 4: Hitte-eenhede gedurende die groeienseisoen (2020) asook langtermyn gemiddeld.**





Figuur 5: Algehele opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as persentasie van die proefgemiddeld.



Tabel 4: Hoofredes vir afgradering tydens die 2020 Tom Burke-oes.

Hoofrede vir afgradering									
Kultivar	Hergroei	Insek-skade	Losskil (onvolwasse)	Meganiese beskadiging	Mis-vorming	Mot-skade	Sclerotium rolfsii	Stingelent-verrotting	Vergroe-ning
Allison	X								X
El Mundo				X		X			X
Kingsman				X		X			
Labadia	X								
Lanorma			X	X			X	X	
Markies	X		X						
Mondeo	X								
Mondial		X		X					
Panamera								X	
Rock			X						X
Sababa	X			X	X				
Sifra		X		X					
Sound			X	X	X				X
7 Four 7				X					
Taisiya			X		X				
Tyson		X				X		X	

# Inisiasie deur innovasie

**IPM  
FOCUS**



geïntegreerde gewasoplossings  
deur

   [info@inteligro.co.za](mailto:info@inteligro.co.za) | [www.inteligro.co.za](http://www.inteligro.co.za)

 IntelBio  
solutions

 Intelekt  
Solutions  
data driven future



IntelFarm

 **IntelGro**  
intelligent crop solutions



 **First Potato Dynamics**  
Groep > Group

**MARKIES SOUND HERTHA**

*"FPD markets potato cultivars with characteristics that are in very high demand. Our cultivars develop a chain of advantages for all involved – from the farmer producing the potato to the final consumer."*

**CONTACT US:**


Theuns 082 775 1787 • Morkel 079 884 9341  
[admin@fpd.co.za](mailto:admin@fpd.co.za) • [www.fpd.co.za](http://www.fpd.co.za)

**AGENTS OF:**







**Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke kultivar tydens finale oes.**



**Figuur 7: Gradering van elke kultivar tydens finale oes.**



**Figuur 8: Prestasie van kultivars oor drie jaar, uitgedruk as 'n persentasie van die proefgemiddeld.**



(7.9 t/ha) in vergelyking met die proefgemiddeld van die vorige drie jaar (63.4 t/ha). Gedurende die 2020-proewe (Figuur 5) het die kultivars Sababa, Mondial, Sound, Panamera, Allison, El-Mundo, Tyson, Labadia, Mondeo en 7 Four 7 die hoogste opbrengste gelewer, asook hoër opbrengste as die proefgemiddeld (55.5 t/ha) bereik.

**Bepaling van bemarkingsindeks**


Ten einde die prestasie van die kultivars in terme van opbrengs en gehalte te bepaal, is die opbrengs, grootteverspreiding en klas gebruik om teen die gemiddelde markpryse vir die betrokke dag 'n bemarkingsindeks te bereken. Die opbrengs, vermenigvuldig met die heersende prys wat deur die grootteverspreiding en gradering bepaal word, gee die bemarkingsindeks (Figuur 5).

Mondial en Sound het die hoogste bemarkingsindeks behaal, wat toegeskryf kan word aan 'n kombinasie van 'n hoër persentasie grootteverspreiding (Figuur 6) en 'n hoër persentasie Klas 1 (Figuur 7) wat die kultivar gelewer het. Grootteverspreiding en gradering is dus ook van die faktore wat gebruik word om aartappels te klas. Daarom is dit belangrike faktore om in ag te neem om optimale ekonomiese bemerkbare opbrengs te verseker.

In Figuur 6 word die grootteverspreiding, Figuur 7 die gradering van die opbrengs, en in Tabel 4 die hoofredes vir afkeuring van die onderskeie kultivars aangetoon. Die LINTUL-POTATO-DSS-plantgroeimodel is gebruik om potensiële opbrengste van die kontrolekultivar, Mondial, te bereken. Potensiële opbrengs kan gedefinieer word as die teoretiese boonste opbrengsgrens in 'n geval waar water, voedingstowwe en biologiese faktore optimaal is vir die seisoen waarin die proef gegroei het.

Die inligting stel ons in staat om te evalueer hoe die werklike opbrengs behaal deur die proef vergelyk met gesimuleerde potensiële opbrengste. Die verskil tussen die potensiële en werklike proefopbrengs verwys na die opbrengsgaping. Dit illustreer hoe optimaal produsente van hul omgewing en

Tabel 5: Knol-inisiasie, vleeskleur en interne gehalte van opbrengs vir 2020 op Tom Burke.



Allison



El Mundo



Kingsman



Labadia



Lanorma



Markies



Mondeo



Mondial



Panamera



Rock



Sababa



Sifra



Sound



7 Four 7



Taisiya



Tyson



**Figuur 9: Interne defekte by kultivars Markies, Sifra en El Mundo.**



beskikbare hulpbronne gebruik maak om hoë opbrengs te behaal.

**Werklike vs. potensiële opbrengs**

Die verhouding tussen werklike opbrengs (55.5 t/ha) vs. potensiële opbrengs (64.0 t/ha) is teen 87% bereik, en het dus 'n klein

opbrengsgaping, wat daarop dui dat die beskikbare omgewing uiters doeltreffend benut word. Daar is dus beperkte geleentehede vir verdere toename in opbrengste.

Dit is ook belangrik om te let op die kultivars se vermoë om konsekwent te presteer, ten spyte

van fluktuasies in die klimaat oor tyd. In *Figuur 8* word die drie-jaar data vir die kultivarproewe in die Tom Burke-produksiegebied aangetoon. Bo elke kultivar word die koëffisiënt van variasie tussen die drie jaar aangedui. Dit blyk dat Mondial die minste variasie vir die Tom Burke-gebied toon.

Verder is dit ook belangrik om op die interne gehalte van die produk te fokus om ekonomiese, optimale bemarkbare opbrengs en dus winsgewendheid te verseker. Dit sluit belangrike faktore soos die prosesseringseienskappe, soortlike gewig (SG) asook inwendige defekte (holhart, bruinvlek en vaatbundelverkleuring) in, wat in *Tabel 5* en *6* opgesom word.

Gedurende die 2020-groei-seisoen het al die kultivars, behalwe El Mundo en Taisiya, aan die norm van > 50 vir prosessering voldoen. Met die SG, aan die ander kant, het die kultivars Allison, Kingsman, Labadia, Markies, Mondial, Panamera en 7 Four 7 aan die norm van ≥ 1.075 vir prosessering voldoen. Rakende die inwendige defekte, het holhart by kultivars Markies en Sifra voorgekom (*Figuur 9*), en slegs El Mundo het bruinvlek getoon (*Figuur 9*). 🍅

**Tabel 6: Prosesseringseienskappe en interne gehalte vir 2020 (uitgevoer deur LNR-Roodeplaat).**

Kultivar	Skyfiekleur <sup>1</sup>	SG <sup>2</sup>	Droëmateriaal <sup>3</sup> (%)	Holhart	Bruinvlek
Allison	57	1.0781	19.98	0	0
El Mundo	48	1.0620	16.57	0	
Kingsman	58	1.0798	20.34	0	0
Labadia	53	1.0775	19.86	0	0
Lanorma	57	1.0733	18.97	0	0
Markies	60	1.0810	20.60		0
Mondeo	53	1.0747	19.26	0	0
Mondial	57	1.0804	20.46	0	0
Panamera	56	1.0766	19.67	0	0
Rock	56	1.0728	18.87	0	0
Sababa	56	1.0651	17.23	0	0
Sifra	51	1.0733	18.97		0
Sound	54	1.0713	18.54	0	0
7 Four 7	55	1.0756	19.46	0	0
Taisiya	49	1.0615	16.49	0	0
Tyson	60	1.0728	18.85	0	0
≥ Norm (Aanvaarbaar vir prosessering)			< Norm (Onaanvaarbaar vir prosessering)		

<sup>1</sup>Skyfiekleur met waarde > 50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.

<sup>2</sup>Soortlike gewig van > 1.075 is aanvaarbaar vir die prosesseringsbedryf.

<sup>3</sup>Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde:

$$DM\% = 24.182 + 211.04 \cdot (SG - 1.0988)$$

Die werklike persentasiewaarde sal effens verskil tussen variëteite uit hierdie berekeningswaarde.

Vir meer inligting,  
epos die outeur by  
chantelr@potatoes.co.za.



**INTEGRITY, QUALITY, INNOVATION**

# CULTIVATED CHOICES

**MANAGING DIRECTOR:**

Gerhard Posthumus - 082 375 1870 - [gerhard@wesgrow.co.za](mailto:gerhard@wesgrow.co.za)

**NATIONAL & EXPORTS:**

Marketing Manager: Charl Nel - 082 388 0522 - [cnel@wesgrow.co.za](mailto:cnel@wesgrow.co.za)

**Sandveld & Ceres:**

Van Zyl du Toit - 082 316 2839 - [vanzyl@wesgrow.co.za](mailto:vanzyl@wesgrow.co.za)  
Charl de Kock - 082 929 4591 - [cdecock@wesgrow.co.za](mailto:cdecock@wesgrow.co.za)

**Eastern & North Eastern Cape:**

Ettienne Groenewald - 082 948 2821 - [ettienne@wesgrow.co.za](mailto:ettienne@wesgrow.co.za)

**Gauteng, South Western Free State & Mpumalanga:**

Eon Cordier - 082 330 5800 - [eon@wesgrow.co.za](mailto:eon@wesgrow.co.za)

**Western & Eastern Free State:**

Dirk Pretorius - 082 579 1841 - [dirk@wesgrow.co.za](mailto:dirk@wesgrow.co.za)  
Lauwrens Steyn - 083 387 7339 - [lauwrens@wesgrow.co.za](mailto:lauwrens@wesgrow.co.za)

**KwaZulu-Natal:**

Gavin Hill - 082 490 9489 - [gavin@wesgrow.co.za](mailto:gavin@wesgrow.co.za)

**Limpopo:**

Chris Prinsloo - 082 572 4403 - [chris@wesgrow.co.za](mailto:chris@wesgrow.co.za)

**Northern Cape & North West:**


Charl Nel - 082 388 0522 - [cnel@wesgrow.co.za](mailto:cnel@wesgrow.co.za)

**Southern Cape:**

Charl de Kock - 082 929 4591 - [cdecock@wesgrow.co.za](mailto:cdecock@wesgrow.co.za)



[www.wesgrow.co.za](http://www.wesgrow.co.za)





---

# VARIETY

of

# SOLUTIONS

---

## SABABA


- \* big size tubers
- \* powdery scab resistant
- \* very strong foliage
- \* blight resistance

## TYSON

- \* early bulking
- \* powdery scab resistance
- \* even tuber set, big sizes

## ALLISON

- \* very high yield
- \* strong emerge
- \* drought tolerance



## PANAMERA

- \* high yield
- \* bright smooth skin
- \* blight resistance

## SIFRA

- \* bright smooth skin (prepacker)
- \* high yield
- \* high percentage first grade

## MONDIAL

- \* we still aim to supply the best quality seed all year round

# Moenie dat roes jou wêér onkant vang nie

**D**it is alombekend dat die beste manier om siektes – veral dié op aartappels – te beheer, is om hulle in die eerste plek te voorkom. Daarom word soveel klem op die gebruik van gewasbeskermingsmiddels as voorkomingsmaatreël gelê.

Dit is nie sommer praatjies vir die vaak nie. Laboratoriumtoetse het bewys dat sekere SDHI's wat toegedien is slegs twee dae ná 'n aartappel met vroeëroes besmet is, beheer van minder as 50% gee. Hou in gedagte dat die aartappelplant in daardie stadium nog geen letsels toon nie. Voorkomende toedienings is dus uiters belangrik vir effektiewe beheer.


Die ander kant van die siekte-beheer-muntstuk is egter die kosteknyptang waarin aartappelboere hul dikwels bevind. Insetkoste wat styg terwyl die aartappelprys ongeveer dieselfde bly, beteken dat onnodige toedienings van bemesting, chemiese middels of ander insette sover moontlik vermy moet word om die maksimum opbrengs op 'n gewasbelegging te realiseer.

## Nuwe waarskuwingsdiens

Hoe dan gemaak om die slagkat van voorkomende teenoor onnodige beheer te vermy? Die antwoord lê in 'n nuwe diens wat Syngenta onlangs op die been gebring het, om aartappelprodusente te waarsku wanneer omstandighede gunstig is vir die ontwikkeling van vroeë- of laatroes.


Dié diens kombineer weervoorspellings en siektemodelle om waarskuwings in gebiede rondom 'n spesifieke weerstasie uit te reik. Produsente registreer op die Syngenta-webwerf, en word dan per WhatsApp op Maandae en Donderdae in kennis gestel van die siekterisiko wat vir die volgende vyf dae voorspel word. Indien daar geen

**Figuur 1: Risiko vir laatroes (*Phytophthora infestans*) vir 2019/2020- en 2020/2021-seisoene in Redelinghuys, Wes-Kaap.**



'n Waarde van kleiner as 1 dui op 'n lae risiko vir laatroes.

**Figuur 2: Risiko vir vroeëroes (*Alternaria solani*) vir die 2019/2020- en 2020/2021-seisoene vir Warden, Vrystaat.**



'n Waarde van kleiner as 1 dui op 'n lae risiko vir laatroes.

risiko in die vooruitsig is nie, word geen boodskap uitgestuur nie.

Die produsent kan kies om die waarskuwing per WhatsApp of epos te ontvang, en om toegang tot ander inligting vir die gekose weerstasie te kry, soos omstandighede wat die toediening van chemiese middels kan beïnvloed.

Figuur 1 toon dat die risiko vir laatroes vir die 2019/2020-seisoen laer as die vorige jaar was. Dit is

duidelik uit Figuur 2 dat die kans op vroeëroes die afgelope seisoen hoër was as in 2019/2020.

Vir navrae, kontak jou Syngenta-verteenwoordiger of -verkoopsbestuurder, stuur 'n epos na andre.labuschagne@syngenta.com, of besoek [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za).




# OVS-werkgroep neem voortou met produkproewe

Deur Santa Bronkhorst, Oos-Vrystaat streeksekretaresse

Op 18 Februarie 2021 het die Oos-Vrystaat (OVS)-werkgroep sy eerste besigtigingstoer van produkproewe na die nuwe perseel by Asearch Agri-Tech buite Bethlehem onderneem. Die besoek is meegemaak deur 'n groot aantal verteenwoordigers van chemiese en kunsmismaatskappye, sowel as aartappelprodusente vanuit die Oos-Vrystaat.

Daar was opgewondenheid onder besoekers soos hulle deur die proewe gestap het om na die plante te kyk. In die verlede is die proewe geplant die op plase van produsente wat bereid was om 'n perseel beskikbaar te stel vir aanplantings. Verskeie faktore het die

werkgroep genoop om die proewe na Asearch Agri-Tech te skuif.

Vanjaar het nege chemiese en biologiese maatskappye, asook drie kunsmismaatskappye aan die proewe deelgeneem. Daar word met groot verwagting uitgesien na die betroubare, akkurate resultate wat in 'n latere uitgawe van *CHIPS* gepubliseer sal word. 

Enige produsent wat die projek wil besoek of maatskappy wat belangstel om deel van die projek te vorm, kan vir Enrike Verster, Aartappels SA-navorsing betrokke by die OVS-werkgroep, by epos [enrike@potatoes.co.za](mailto:enrike@potatoes.co.za) kontak.

Die besoek is meegemaak deur 'n groot aantal verteenwoordigers van chemiese en kunsmismaatskappye, sowel as aartappelprodusente vanuit die Oos-Vrystaat.

## Bruinskurf- en opbrengsprobleme?

Die aanwending van PicPlus® in die beheer van bruinskurf verhoog nie net die produksie-uitset en winspotensiaal vir boere nie – dit verbeter ook grondgesondheid. PicPlus® het sy waarde bewys in 'n onlangse berokingsproef\* waartydens die gebruik van die produk tot 'n beduidende vermindering in bruinskurf en hoër totale opbrengs gelei het, met hoër algehele winste tot gevolg!



In teenstelling met die algemene opvatting, steriliseer beroking met Chloropicrin nie die grond nie - aanvullend tot hul swam- en aalwurmdodende aksie, is ons behandelings ontwerp om die produksie van voordelige mikroörganismes in die grond te stimuleer.

**10.7 ton/ha**  
**HOËR OPBRENGS**  
behaal op PicPlus®-berookte persele teenoor kontrolepersele.

**25.7%**  
**MINDER BRUINSKURF**  
op die PicPlus®-berookte persele as op kontrolepersele.

PicPlus®-behandelde grond toon 'n gesonder wortelstelsel, verbeterde waterbenutting en meer doeltreffende benutting van bemesting.

PicPlus® onderdruk talle algemene patogene, insluitende die patogene wat bruinskurf veroorsaak soos spesies van *Verticillium*, *Fusarium* en *Phytophthora*.

\*Aartappelberokingsproef met PicPlus® (Chloropicrin)

Produsent X - Berook 6,5 ha en kontrole 6,5 ha

Berokingsdatum: 21 Oktober 2019

Plantdatum: 11 November 2019

Oesdatum: 30 Maart 2020

Kultivar: Lanorma

Patogeen: Bruinskurf

### Draslovka Services RSA

'n DAFF-geakkrediteerde en gelisensieerde grondberokingsonderneming wat in grondberoking vir vrugte-, groente- en bessieplase, kwekerye, gholfbane, sportterreine en meer spesialiseer.

Die eerste grondberokingsonderneming wat 'n lid van SAPCA (South African Pests Control Association) geword het.

## Draslovka

021 903 2288 | 083 251 1221

office@draslovka-services.co.za

www.draslovka-services.com

# ONTSLUIT DIE GROEN REVOLUSIE!



World Focus Agri se produkte word gebruik as 'n organiese groeistimulant dwarsdeur die plant se lewensiklus.

## B4999 COMPLEX ROOT

'n Unieke kombinasie van **Organiese sure, Aminasure** en **Ensieme**, vir die verbetering van grondgesondheid, versterking van wortelgroei by plante en saailinge.

*Boor(B)...2g/kg, Magnesium (Mg)...1g/kg*

## B5089 COA FERTIGATION

'n Unieke kombinasie van spesifieke **Humaat** en **Fulvien** samestellings vir grond en groeimedium aanwending. Spesifiek geformuleer vir optimale ondersteuning van plante-voedingstowwe in die wortelzone.

*Stikstof (N)...56 g/kg N, Stikstof (S)...5 g/kg*

## B4683 CCM

'n Ultrafyn gemikroniseerde **MG/Ca** bron in die **Karbonaat** vorm gemiddelde partikel grootte van 5 – 15Mikron

(1 000 x kleiner as die 80% van Konvensionele Landbou kalk)

*Ca...190g/kg, Mg...110g/kg, Organies...30g/kg*

## B4990 COMPLEX CALUS

'n Ultrafyn gemikroniseerde **Ca** bron in die **Sulfaat** vorm gemiddelde partikel grootte tussen 5 – 15Mikron

(1 000 x kleiner as die 80% van Konvensionele Landbou kalk)

*Ca...230g/kg*

## B4682 COMPLEX CALUS

'n Ultrafyn gemikroniseerde **Ca** bron in die **Karbonaat** vorm gemiddeld partikel grootte tussen 5 – 15Mikron

(1 000 x kleiner as die 80% van Konvensionele Landbou kalk)

*Ca...400g/kg, Mg...30g/kg, Organies...30g/k*



# Kontak ons

**082 452 8983 | 083 542 3106**  
[admin@worldfocusagri.co.za](mailto:admin@worldfocusagri.co.za)

Address: 9 Silver Crescent, Delmas, 2210



## Deel 1: Intumessensie

Deur Freddie Denner, UPL, en Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika

**D**ie oorvloedige reën die afgelope seisoen het 'n paar ongewone verskynsels na vore gebring. In hierdie artikel deel ons inligting oor 'n ongewone fisiologiese afwyking



Intumessensie vertoon soos klein, vragtige blasies wat veral aan die onderkant van blare, asook petiole en stingels sigbaar is.

wat 'n paar verskillende name het. Boonop is daar nie eenstemmigheid oor die oorsaak daarvan nie. Intumessensie (in Engels *intumescence*) en edeem (in Engels *oedema*) is waarskynlik die gewildste benaminge vir hierdie afwyking.


Intumessensie by aartappels is nie 'n nuwe verskynsel nie, net 'n ongewone een, aangesien 'n mens dit eerder op plante in kweekhuise verwag. Intumessensie vertoon soos klein, vragtige blasies wat veral aan die onderkant van blare, asook petiole en stingels, sigbaar is. Die blasies lyk baie soos insekeiertjies en kan maklik daarmee verwar word. Intumessensie ontstaan wanneer epidermale selle vergroot en opswel. Seldeling vind ook aktief plaas.

Die resultaat is dat die selle uitstulpings vorm wat as deurskynende blasies op die blaaroppervlak sigbaar is. Groter uitstulpings vorm as sommige van die kleiner blasies met mekaar saamsmelt. Die intumessensieblasies verdroog na 'n dag of twee en val af.

### Wat veroorsaak intumessensie?

Die oorsaak van intumessensie is waarskynlik veelvoudig van aard en

hang van omstandighede af. Faktore wat al met intumessensie verbind is, sluit onder meer genetiese eienskappe (kultivars), temperatuur (veral grondtemperatuur), lugvog, ligkwaliteit en -intensiteit, hormone, voedingstatus en lugbesoedeling in.

Dit wil egter voorkom of 'n kombinasie van verlaagde transpirasie (hoë lugvog), verhoogde wateropname (warm gronde), verlaagde ultravioletstraling (langdurige wolkbekleding) en die voedingstatus van aartappelplante moontlik bygedra het tot die voorkoms van intumessensie gedurende die afgelope seisoen, wat in sekere streke met hoë reënval en aanhoudende bewolkte dae gepaardgegaan het. Onder normale omstandighede sal die afwyking nie 'n effek op opbrengs en gehalte hê nie. 

Indien daar produsente is wat foto's van soortgelyke simptome het wat op aartappelplante waargeneem is, hoor ons graag van julle. Stuur gerus julle foto's na [epos\\_fienie@potatoes.co.za](mailto:epos_fienie@potatoes.co.za). Enige navrae kan ook aan dr Niederwieser gerig word.

## STOOR WATER IN 'N DAMSAK

010 534 5542

- ✓ Geen Biologiese Groei
- ✓ Geen Verdamping
- ✓ Maklik Om Te Installeer
- ✓ Lang- en Korttermynoplossing

[sales@damsak.co.za](mailto:sales@damsak.co.za)

[www.damsak.co.za](http://www.damsak.co.za)



200 000 liter Sak teen 27 sent per liter (BTW Uitgesluit)

500 - 200 000 Liter

**Damsak**™

# The effect of dry conditions at planting on potato emergence and yield

By James Arathoon, Archana Nunkumar, Taslos Magubane and Morgan Naidoo: KwaZulu-Natal Department of Agriculture and Rural Development.

**S**mallholder farmers in KwaZulu-Natal are often advised to plant potatoes in August and September. This planting period is suitable for areas where irrigation is available and where heavy, late frost does not occur. In recent years, spring rain has either arrived late or has been insufficient for

good emergence of the crop under dryland conditions.

## Dryland versus irrigated trial

A potato cultivar trial was planted at the Cedara Research Station of the KwaZulu-Natal Department of Agriculture and Rural Development on 19 September 2019 and grown under dryland conditions. No

effective rainfall was received from the beginning of September and therefore the soil was extremely dry at planting.

From planting until the end of October, only a total of 43 mm of rain was received. For 15 days during that period, the maximum temperature was above 30°C. Due to these harsh conditions,

**Table 1: Plant population and yield in the dryland and irrigated trials for the 18 cultivars.**

Cultivar	Plant population		Yield	
	Dryland	Irrigated	Dryland	Irrigated
	(number/ha)		(t/ha)	
Electra	37 407 a*	37 037 a	72.41 a	75.61 a
Valor	37 037 a	36 674 a	67.61 a	59.88 bc
Fandango	37 407 a	36 674 a	66.80 a	62.26 b
Essenza	37 778 a	37 037 a	66.05 a	47.90 d-f
Taisiya	37 037 a	37 037 a	53.14 b	53.07 c-e
Mondeo	37 778 a	37 037 a	53.05 b	49.61 ef
Lanorma	37 037 a	37 037 a	51.84 b	53.64 ef
El Mundo	37 778 a	37 037 a	51.32 bc	52.70 c-e
Allison	37 407 a	37 037 a	49.38 bc	54.27 b-e
Mondial	37 407 a	37 037 a	48.08 b-d	52.11 c-f
Sababa	37 778 a	37 037 a	47.01 b-d	58.24 b-d
Bikini	35 556 a	37 037 a	46.72 b-d	55.93 b-e
Tyson	37 778 a	36 674 a	44.87 b-e	48.95 ef
Panamera	37 037 a	36 674 a	42.39 c-f	53.99 b-e
Labadia	31 111 b	37 037 a	39.27 d-f	47.97 ef
Jelly	31 111 b	31 227 b	35.56 ef	51.88 c-f
Sifra	30 556 bc	37 037 a	34.66 f	58.36 b-d
Georgina	27 778 c	35 948 a	23.46 g	44.08 f
Mean	<b>35 710</b>	<b>36 573</b>	<b>49.65</b>	<b>54.47</b>
LSD (P < 0.05)	3 141.3	1 172.1	9.388	8.272
CV%	5.3	1.9	11.4	9.1

\* Figures in each column that have the same alphabetic letter, do not differ significantly.





A lack of rainfall before and after planting delayed emergence of potato cultivars in a dryland trial (foreground). An irrigated trial planted one day earlier emerged well, as can be seen in the background.


the 18 cultivars took 39 to 61 days from planting to reach 75% emergence, as can be seen in the photograph.

Labadia, Jelly, and Georgina took the longest to reach 75% emergence, indicating that the viability of their tubers was low. In a similar trial planted a day earlier and irrigated frequently, the same 18 cultivars took 17 to 21 days to reach 75% emergence.

#### Reduced viability of cultivars

In the dryland trial, the poor viability of Labadia, Jelly, Sifra, and Georgina resulted in significantly lower plant stands and yields than the majority of the other cultivars (Table 1), indicating that the tubers could not tolerate the harsh conditions and ultimately rotted. It is possible that the tubers of these cultivars may have been lifted earlier or were stored differently compared with the other cultivars, and therefore the viability was reduced. Jelly also had a significantly lower plant stand than the other cultivars in the irrigated trial. In general, this result indicates the strong resilience of potatoes under harsh conditions after planting.

Despite the dry conditions experienced early in the season, good rainfall received from mid-November onwards resulted in the production of overall high yields. In fact, some cultivars produced similar or higher yields compared with the irrigated trial (Table 1). This could possibly be due to the more favourable microclimate present for the development of late blight in the irrigated trial.

Although the results in Table 1 were obtained from a season with exceptionally dry conditions before and after planting, this will not always be the case. However, as insufficient rainfall could be expected from August to October in future seasons, smallholder farmers without irrigation should be advised to delay planting until good rain has been received. In addition, they should plant large (200 to 250 count) fresh tubers to avoid crop losses if the rainfall is insufficient for a long period after planting. 

For more information, contact James Arathoon at Cedara Research Station on 033 355 9495.

JOU VENNOOT IN GRONDGESONDHEID EN KNOLPRODUKSIE.



**ecofarma**  
Restoring Soil Fertility.

Met ons plaaslik vervaardigde produkte fokus ons hoofsaaklik op die navorsing, ontwikkeling en industriële produksie van Humien-en Fulviensure vir die landbousektor. Ons glo daarin om produkte te ontwikkel wat die volhoubaarheid van grond vir toekomstige generasies sal verseker.

Kontak ons gerus by:  
+27 64 727 7927,  
of epos ons na:  
info@ecofarma.co.za  
www.ecofarma.co.za

50 Delfos Straat,  
Pretoria Industrieel








# Ask for The Best

Top grade fertilizers for high yielding, quality potatoes

- Nutrigration™
- Foliar Feeding
- Fast and efficient plant nutrient uptake
- Multi-K™ – the best potassium carrier for potato



Pioneering the Future

Please contact us for your nearest distributor:

**Haifa South Africa**  
 P.O.Box 1409, Brackenfell, 7561, South Africa  
 Tel: 021 982 0309 | Fax: 021 981 7637  
 E-mail: Gerrit.Burger@Haifa-group.com  
 www.haifa-group.com



Jou **nommer 1** keuse  
 in verkoelingsoplossings!

Ons fokus op die lewering van gehalte diens teen mededingende pryse.



Aartappelsaad-  
verkoelings-  
fasiliteit



155 000  
Hanteringskapasiteit



40  
Jaar van  
waarde-  
toevoeging



www.vkb.co.za | vir die LIEFDE van die LAND

**bethal**  
**KOELKAMERS**

Ext 14, Derde Laan, Bethal, 2310 | Tel. 017 647 6376



# Haifa Duo™

## Balanced to yield perfection



Pioneering the Future

**W**hen growing top-quality potatoes in the open field, you have to be sure that the fertiliser you are using, is of the highest grade. Accurate nitrogen (N) management is vital to obtain high yields of excellent quality. An adequate early-season N supply is crucial to support vegetative growth. Excessive soil N that is applied late in the season often delays maturity of the tubers and results in poor skin set, which harms the tuber quality and storage properties.

Different soil conditions often make water and N management challenging, since nitrate is susceptible to leaching. In such cases, it is recommended that potatoes receive split applications of N during the growing season. This involves applying some of the N requirement prior to or at planting, and the remainder during the season, with side-dressing applications or through the irrigation system via Nutrigation™ (Fertigation).

### Balanced nutrition with K<sup>+</sup> and Ca<sup>2+</sup>

Potato plants take up large quantities of both potassium (K<sup>+</sup>) and calcium (Ca<sup>2+</sup>) throughout the growing season. K<sup>+</sup> plays an important role in the control of the plant water status and internal ionic concentration of plant tissues, with a special focus on stomatal functioning.

Potatoes require large quantities of soil K, as this nutrient is crucial to metabolic functions such as the movement of sugars from the leaves to the tubers and the transformation of sugar into potato starch.

K<sup>+</sup> deficiencies reduce the yield size and quality of the potato crop in association with low specific gravity in potatoes. Excessive K<sup>+</sup> levels can lead to reduced Ca<sup>2+</sup> and/or lower-magnesium uptake.

Ca<sup>2+</sup> is a key component of cell walls, helping to build a strong structure and ensuring cell stability. Cell walls that are enriched with Ca<sup>2+</sup> are often also more resistant to bacterial or fungal attacks. Ca<sup>2+</sup> also helps the plant regulate the active transport of K<sup>+</sup> through stomatal opening and closing. Deficiencies in Ca<sup>2+</sup> interfere with root growth, cause deformation of foliage growth tips, and could result in reduced yields and poor quality.

### The benefits of Nutrigation™

Nutrigation™ (Fertigation) delivers pure plant nutrients through the irrigation system, precisely supplying nutrients to the area with the most intensive root activity. Haifa's well-balanced Nutrigation™ programme meets the plant's exact needs in accordance with seasonal changes.

Decades of experience in production and application of specialty fertiliser for Nutrigation™ have made Haifa a leading company in this field. Haifa remains at the forefront of contemporary scientific and agricultural research, to continuously broaden its product line and better meet the requirements of potato crops in all cropping environments.

### Soluble fertilisers for Nutrigation™ by centre pivot or drip irrigation

Haifa Duo™ is an innovative range of plant nutrition formulations that provide balanced nutrition supply for maximum efficiency and

optimal plant development, while minimising losses to the environment. The nitrate (NO<sub>3</sub><sup>-</sup>) facilitates synergistic uptake and improves K<sup>+</sup> as well as Ca<sup>2+</sup> absorption by the plant.

### Extra convenience and enhanced performance

Haifa Group has developed and currently produces a wide range of Haifa Duo™ products based on fully water-soluble K<sup>+</sup> and Ca<sup>2+</sup> containing nitrate fertiliser. Since a healthily growing and high-yielding crop requires large quantities of these macronutrients (N, K, Ca), Haifa Duo™ should be applied to the soil regularly.

All products contain only pure plant nutrients, are fully water-soluble, and are low in sodium and chloride. These products are:

- Haifa Duo™ 14-0-19 + 9 Ca.
- Haifa Duo™ 14-0-11 + 13 Ca.
- Haifa Duo™ 15-0-7 + 15 Ca.

For more information about the Haifa water-soluble product range or recommended application rates, consult a local Haifa agronomist or visit [www.haifa-group.com](http://www.haifa-group.com). Alternatively, contact Gerrit Burger on 082 800 8766, Michael Koch on 083 231 4516, or Haifa South Africa on 021 982 0309.



## Growing tomorrow's potato producers, today

Over the last few decades South Africa has been experiencing a revolution in agriculture. In the past, many believed farming to be a practice that belonged to older generations. Today, however, we see millennials

leaving cushy professions to venture into farming.

One such person is Petrus Ratsomana, a 30-year-old, vibrant and hard-working farmer, born and raised in Pax Village in the Capricorn district in Limpopo. Petrus, also known as Peter, studied mechanical engineering and

worked in the automotive industry, repairing and maintaining vehicles for seven years. Nevertheless, he always knew that he would one day end up farming – just like his father and uncles.

He recalls that at some point he resigned from his full-time job as a mechanic in Johannesburg to help





*Peter Ratsomana's high-quality potatoes have been sold at an open market at reasonable prices.*

his father on their leased farm in Limpopo. His father later advised him to return to Gauteng, since the family farm was not generating enough income. He was still in the process of obtaining the necessary infrastructure and machinery that would enable them to produce on a larger scale. And so, Peter returned to his job as mechanic.

### PSA lends a helping hand

In 2019, Peter's father sadly passed away while he was participating in the Potatoes South Africa (PSA) Enterprise Development Programme. Peter then made a firm decision to return to full-time farming and in 2020, he picked up

where his father had left off with the development programme.

